

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 8 No 3 Junie 2014
Personeelblad van die NWU

Beste
dosente
steel die
kollig

Rektor glo
enigeen
kan sukses
behaal

Internasionale
verslag prys
én vermaan



INHOUDSOPGAWE

- 2 Skryf vir die NWU-web
- 3 Boodskap van die visekanselier
Eish!, ons dosente mág maar!
- 4 NWU vereer sy beste dosente
- 6 Groot sewe kry R2,66 miljoen vir kommersialisering
- 7 Internasionale paneel loof én maan die NWU
- 8 Fokus op die tekort op die 2014-begroting
- 9 Mafikengkampus spog met dinamiese nuwe rektor
- 10 Raakvatvrou hou die leisels stewig vas
- 12 Kampusnuus: Mafikeng
- 13 Kampusnuus: Potchefstroom
- 14 Kampusnuus: Vaaldriehoek
- 15 NWU-kundiges kén hul storie
- 16 Ons mense – Christo is sinoniem met veelsydigheid
- 17 As ek iemand vir ete kon nooi, sou dit wees...
- 18 En die wenners is...
Wen! Wen! Wen!
- 19 Deon bestuur nou innovasie en tegnologie



Voorblad: Prof Mashudu Davhana-Maselesele is onlangs as rektor van die Mafikengkampus aangestel. Lees meer hieroor op p 9.

NEEM KENNIS:

Die Eish! word van nou af soos volg versprei: Alle permanente personeel ontvang gedrukte kopieë en tydelike personeel elektroniese kopieë.

Indien u die wyse waarop u die Eish! ontvang, wil verander, stuur gerus 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za.

Skryf vir die NWU-web

Goeie webinhoud sorg vir 'n doeltreffende webwerf en daarom lei die institusionele webkantoor publiseerders dwarsoor die universiteit op om vir die NWU-webwerf te skryf.

“Die NWU het 'n reusagtige webwerf en die sukses daarvan hang van elke individuele publiseerder af,” sê me Moira Müller, aanlyn webinhoudspesialis. “Die doel van die werkswinkels is om die publiseerders toe te rus met die nodige kennis om goeie webinhoud te skep.”

Sy sê daar is sekere riglyne wat geld wanneer jy vir die web skryf. Een hiervan is om te onthou dat webinhoud vir mense én masjiene geskryf word.

Aan die een kant moet die leser die inhoud maklik leesbaar en nuttig vind – mense vluglees webblaaië en besluit soms binne 'n sekonde of hulle op 'n bladsy gaan bly of gaan aanbeveeg. Aan die ander kant moet die inhoud so geskryf word dat 'n soekenjin soos Google die betrokke bladsy maklik sal kan opspoor. Dit word soekenjin-optimalisering genoem en die gebruik van opskrifte, bladsytitels, trefwoorde en skakels speel alles 'n rol.

“Hoe meer aantreklik jou bladsy vir mense – en soekenjins – is, hoe meer sigbaar raak jou webwerf en hoe groter is die kans dat lesers se soektogte na jou bladsy sal lei.”

Moira sê hulle leer publiseerders ook hoe om die uitleg van hul inhoud te verbeter en waarna om op te let met die gebruik van foto's en grafika.

“Ek dink die inisiatief wat die institusionele webkantoor geloods het is skitterend,” sê mnr Jean Steyn van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte op die Potchefstroomkampus wat een van die werkswinkels bygewoon het.

“Dit is toepaslik en ek glo dit gee vir die publiseerders die nodige agtergrond. Ek voel elke publiseerder wat betrokke is by die web moet dit bywoon,” sê hy.

Redaksionele span: Personeel van Institusionele Bevordering, en kommunikasiebeamptes op die kampusse. **Bladuitleg:** Graphikos. **Drukwerk:** Ivyline Technologies. **Fotografie:** NWU-kollegas en -diensverskaffers. **Spotprent:** Mynderd Vosloo. **Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht – Tel (018) 299 4937 of Bussie 260. *Eish!* word deur die Institusionele Bevordering-department van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë verlang, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht.

BOODSKAP VAN DIE VISEKANSELIER

Beste kollegas

Baie dankie vir al die vriendelike boudskappe van ondersteuning met my aanstelling as visekanselier.

Baie dankie ook aan dr Theuns Eloff vir sy lojale en toegewyde diens aan die universiteit gedurende die moeilike proses om die samesmelting te konsolideer.

Die verslag van die internasionale paneel, "Moving forward: a review of North-West University's first ten years", word kortliks in hierdie uitgawe bespreek. Dié evaluering is deur die institusionele bestuur in 2013 aangevra om vas te stel of die universiteit die samesmeltingsdoelwitte en die verskillende missie-elemente bereik het.

Die Raad en die verskeie belanghebbergroepe het nog nie standpunt ingeneem oor die verslag nie. Hierdie en ander skakeling met belanghebbers sal deel vorm van die proses om 'n nuwe strategiese agenda vir die universiteit daar te stel.

'n Uitdaging wat ons die hoof sal moet bied, is die kwessie van ontgroeningspraktyke wat

inbreuk doen op die menseregte van eerstejaargestudente, of wat nie ooreenstem met ons beleide oor hoe eerstejaars aan die universiteit bekend gestel moet word nie. Die Raad het 'n taakspan saamgestel om hierdie aangeleentheid te ondersoek en teen die tyd dat julle hierdie boodskap lees, het ons waarskynlik reeds 'n verslag ontvang.

Julle sal ook in hierdie uitgawe lees van die belangrike navorsings- en innovasieprojekte waarmee die universiteit besig is. Ons navorsingsuitset het die afgelope paar jaar opmerklik verbeter en hierdie inisiatiewe versterk ons vermoë beduidend.

Die aanstelling van dr Deon de Beer as direkteur van die Tegnologieoordrag- en Innovasiesteunkantoor is ook 'n belangrike inisiatief om ons kommersialiseringsaktiwiteite te bevorder.

Die wenners van die Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid (ITOU) word in hierdie uitgawe gevier. Baie geluk aan die wenners en dankie aan al die akademiese personeel wat aan hierdie inisiatief deelgeneem het. Ons streef

daarna om uitnemendheid te bevorder in alles wat ons doen. Die kwaliteit van onder- rig en leer by die universiteit is iets wat ons moet bevorder en waarvoor ons erkenning moet gee.

Sterkte vir almal vir die res van die semester.

Vriendelike groete,

Prof Dan Kgwadi
Visekanselier



Eish!, ons dosente mág maar!

Altesaam 60 dosente dwarsoor die NWU het onlangs Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid (ITOU) ontvang – lees gerus meer hieroor op p 4 en 5. Om aan hierdie proses deel te neem verg heelwat ekstra



moeite aan die kant van die dosente – hulle moet onder meer omvattende portefeuljes saamstel vir beoordeling.

Daarby verg dit ook moed en 'n sterk ego om jouself bloot te stel aan so 'n evaluering. Jou kennis en vaardighede – onder meer wat die gebruik van tegnologie in onderrig-leer betref – word immers onder die soeklig geplaas. Net so het die NWU verlede jaar 'n stap geneem wat van waagmoed getuig toe hulle 'n internasionale paneel genooi het om die universiteit te evalueer.

Die bevindings van die paneel is op 15 April bekend gemaak. (Artikel op p 7.) Een van die aanbevelings van die paneel sluit aan by die ITOU-proses. Die paneel loof die universiteit dat daar wel 'n proses is waardeur uitnemendheid in onderrig-leer beloon word, maar voeg by dat dit blyk dat die aansporing en beloning vir navorsing groter is as dié vir onderrig-leer.

Die paneel sê "dit is nodig dat akademiese personeel voel dat onderrig-leer net so waardevol geag word as navorsing en dienooreenkomstig beloon word". Dat onderrig-leer by die NWU 'n dinamiese proses is wat voortdurend ontwikkel, blyk uit die feit dat die NWU sy akademiese program-aanbieding steeds uitbrei. Lees gerus op p 14 oor die nuwe meestersgraad in bankwese en finansiële risikobestuur wat as deelydse program deur die Vaaldriehoekskampus aangebied word.

Met die jaar byna in die helfte en die winter in ons midde, is daar darem die reses aan die einde van Junie waarna ons personeel kan uitsien. Mag dit 'n tydperk van rus wees vir almal en in besonder vir die dosente wat vir seker 'n blaaskans nodig het om weer met nuwe ywer hul studente te kan inspireer.

Nelia en die Eish!-span

NWU vereer sy

Mnr Herman Viviers van die Potchefstroomkampus is tydens die galageleentheid van die Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid (ITOU) as die beste van die NWU se onderrigpersoneel aangewys.

Herman, wat ook as kampuswenner bekroon is, is verbonde aan die Fakulteit vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Mnr Pieter Boer van die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe en mnr Re-an Müller van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie is onderskeidelik as die wenners van Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus aangewys.

Altesaam 60 akademiëci het toekennings ontvang, vergeleke met 54 in 2012 en 49 in 2011. Hiervan was 14 deelnemers van die Mafikengkampus, 36 van die Potchefstroomkampus en 10 van die Vaaldriehoekkampus.

DIÉ FAKULTEITE HET MEESTE WENERS

Die NWU-fakulteit wat die meeste wenners opgelewer het, 12, was die Fakulteit Gesondheidswetenskappe op die Potchefstroomkampus, gevolg deur die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, ook op die Potchefstroomkampus, en die Fakulteit Geesteswetenskappe op die Vaaldriehoekkampus, met sewe wenners elk.

HOE DIT WERK

ITOU is 'n inisiatief vir akademiese personeel wat betrokke is by onderrig aan die NWU om hulle te inspireer om hul onderrigvaardighede te ontwikkel.

As deel van die ITOU-evalueringsproses assesser panele die dosente se portefeuljes, studente-terugvoer, innovasie en uitnemendheid in kontakssessies, en die gebruik van tegnologie in onderrig-leer.

Die trotse kampuswenners is mnr Re-an Müller, Vaaldriehoekkampus, mnr Herman Viviers, Potchefstroomkampus en mnr Pieter Boer, Mafikengkampus. ►



Die algehele wenner, mnr Herman Viviers van die Potchefstroomkampus, het die gesogte Visekanselierstoekening – 'n wisseltrofee – verwerf. Hier is hy saam met prof Dan Kgwadi, visekanselier.



beste dosente

HIER IS DIE WENNERS

MAFIKENGKAMPUS

Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe

Mnr Pieter Boer, Sosiale Wetenskappe
Dr Samuel Botchway, Sosiale Wetenskappe
Dr Mariëtte de Chavonnes Vrugt, Sosiale Wetenskappe
Dr Johannes Knoetze, Geesteswetenskappe
Dr Nomonde Phethlo-Tekisho, Sosiale Wetenskappe
Me Elizabeth Smit, Sosiale Wetenskappe

Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie

Mnr Isaiah Mhlanga, Wiskundige en Fisiese Wetenskappe
Dr Rendani Ndou, Landbouwetenskappe
Dr Nomathamsanga Sithebe, Omgewings- en Gesondheidswetenskappe

Fakulteit Handel en Administrasie

Me Lesego Ditibane, Ekonomiese en Besluitnemingswetenskappe
Me Annarie Muller-Pieterse, Rekeningkunde
Me Moleboge Nhlapo, Ekonomiese en Besluitnemingswetenskappe

Fakulteit Onderwys en Opleiding

Dr Myrtle Erasmus, Grondslagfase
Me Neo Maroja, Voortgesette Onderrig

VAALDRIEHOEKKAMPUS

Fakulteit Geesteswetenskappe

Mnr Byron Bunt, Opvoedkundige Wetenskappe
Dr Elmari Deacon, Gedragwetenskappe
Dr Magda Kloppers, Opvoedkundige Wetenskappe
Dr Siphon Kwatubana, Opvoedkundige Wetenskappe
Mnr Jacques Matthee, Basiese Wetenskappe
Dr Deon van Tonder, Opvoedkundige Wetenskappe
Me Fatima de Abreu, Opvoedkundige Wetenskappe

Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie

Me Estie Lubbe, Rekeningkundige Wetenskappe
Mnr Re-an Müller, Ekonomiese Wetenskappe
Me Imelda Smit, Inligtingstegnologie

POTCHEFSTROOMKAMPUS

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

Prof Kobus Du Pisani, Sosiale en Owerheidstudies
Mnr Andre Goodrich, Sosiale en Owerheidstudies
Prof Eric Nealer, Sosiale en Owerheidstudies
Me Carolé Cilliers, Sosiale en Owerheidstudies
Dr Landé Botha, Tale
Prof Franci Greyling, Tale
Dr Henk Louw, Tale

Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Mnr Herman van Dyk, Rekeningkundige Wetenskappe
Mnr Herman Viviers, Rekeningkundige Wetenskappe
Mnr Henro Erasmus, Rekeningkundige Wetenskappe

Fakulteit Opvoedingswetenskappe

Me Corne Kruger, Geesteswetenskappe vir Onderwys
Dr Annalie Roux, Natuurwetenskappe en Tegnologie vir Onderwys
Dr Elsie Lubbe, Natuurwetenskappe en Tegnologie vir Onderwys
Dr Maryna Reynecke, Geesteswetenskappe vir Onderwys

Fakulteit Ingenieurswese

Mnr Hannes du Toit, Chemiese en Mineraalingenieurswese
Dr Rupert Gouws, Elektriese, Elektroniese en Rekenaaringenieurswese
Mnr Frikkie van der Merwe, Chemiese en Mineraalingenieurswese

Fakulteit Gesondheidswetenskappe

Me Eloise Botha, Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe
Dr Dané Coetzee, Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskappe
Me Heleen Coetzee, Psigo-sosiale Gedragwetenskappe
Dr Siedine Coetzee, Verpleegkunde
Dr Carla Fourie, Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe
Dr Lize Havemann-Nel, Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe
Dr Welma Lubbe, Verpleegkunde
Dr Ronel Pretorius, Verpleegkunde
Me Tinda Rabie, Verpleegkunde
Prof Elma Ryke, Psigo-sosiale Gedragwetenskappe
Dr Mariëtte Swanepoel, Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskappe
Mnr Theron Weilbach, Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskappe

Fakulteit Regte

Mnr Braam Klaasen, Regskliniek
Me Anje Vorster, Regte

Fakulteit Natuurwetenskappe

Mnr Jacques Barnard, Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe
Mnr Henry Foulds, Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe
Mnr Sicelo Goqo, Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe
Mnr Charl Pretorius, Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe

Fakulteit Teologie

Me Liza Lemmer, Antieke Taal en Teksstudie

GROOT SEWE kry R2,66 miljoen vir kommersialisering

Sewe uitsonderlike navorsings- en innovasieprojekte van die NWU het 'n finansiële hupstoot gekry om hul kommersialiseringsprosesse te bespoedig.

Dit is die gevolg van die NWU se ooreenkoms met die Tegnologie-innovasie-agentskap (TIA) in November 2013 met betrekking tot die implementering van 'n saadfonds.

Dié fonds help met die kommersialisering van NWU-navorsing en innovasie tot voordeel van Suid-Afrika.

Dit help ook om die globale mededingendheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie en tegnologieë te bevorder.

"As universiteit het ons al heelwat sukses behaal met hierdie program. Dankie vir u voortgesette harde werk, u kan verseker wees van ons ondersteuning," het dr Deon de Beer van die NWU se Tegnologieoordrag- en Innovasiesteun-kantoor gesê.

Dit was sy woorde tydens die saadfonds-werkswinkel wat in Maart gehou is om die ontvangers geluk te wens en vir hulle te verduidelik hoe die befondsingsproses sal verloop.

DIE GROOT SEWE

Die NWU se navorsings- en innovasieprojekte wat befondsing ontvang het, is die volgende:

- ▶ Pole Slip Prevention Algorithm
- ▶ Improved Beneficiation Process
- ▶ Power to Gas Technology: On-site Methane Production
- ▶ Automated Multilingual End-to-End Directory Enquiry System
- ▶ TRADE Product and Service Decision Support Model (DSM)
- ▶ Naked-eye Detectable Nanoparticle Based Rapid Diagnostic Assay for Tuberculosis
- ▶ Amphoteric Guerbet-type Surfactants Synthesis

Die Tegnologieoordrag- en Innovasiesteun-kantoor het 'n mandaat van TIA gekry om die saadfondsproses te bestuur en te administreer.

Altesaam 12 projekte is aanvanklik deur die kantoor geassesseer en deur die saadfonds-bestuurskomitee hersien.

Sewe van hierdie projekte het vir befondsing gekwalifiseer. Die saadfonds-bestuurskomitee bestaan uit verteenwoordigers van TIA en van die NWU.

ONDERSTEUNING IS HUL LEUSE

Die Tegnologieoordrag- en Innovasiesteun-kantoor se kernbesigheid is om die NWU se drie kampusse te ondersteun met alle aspekte rondom die industrialisering en kommersialisering van hul uitvindings.

Dit sluit in bystand met befondsingsaansoeke vir kommersialisering, bemarking van tegnologieë en kundigheid, opbou van netwerke met die industrie, en die beskerming van intellektuele eiendom.

Die saadfonds is op, onder meer, universiteits-gebaseerde entrepreneurs, navorsers en studente gemik. Dit is ook gerig op onderontwikkelde idees met beduidende potensiaal vir verdere investering deur TIA of ander beleggers. Daarby verskaf die saadfonds ook finansiële hulp indien registrasie in belang van die land is.

TIA STIMULEER INNOVASIE

TIA is tot stand gebring om tegnologiese innovasie te stimuleer ten einde ekonomiese groei te bevorder en die lewensgehalte van alle Suid-Afrikaners te verbeter. Die doelwit van TIA se kernbesigheid is om die ontwikkeling en kommersialisering van mededingende tegnologie-gebaseerde dienste en produkte te ondersteun.



Befondsing vir kommersialisering: Eienaars van die projekte wat finansiële hulp van die saadfonds gekry het, woon 'n saadfonds-werkswinkel by. Agter is prof Manie Vosloo, dr Frans Marx, prof Henning Krieg, mnr Gerhard Human, prof Du Toit Loots, dr Francois Taute, mnr Charl van Heerden en dr Lafras Lamont. Voor is me Tandokazi Nquma, dr Dmitri Bessarabov, mnr Steven Chiuta, prof Desmond Young, prof Wilma Viviers en dr Deon de Beer. Tandokazi en Deon is van die Tegnologieoordrag- en Innovasiesteun-kantoor.

Internasionale paneel loof én maan die NWU

Die NWU moet aandag gee aan studentetoeegang en maatskaplike integrasie, die gelykheidsprofiel van akademiese en senior administratiewe personeel, en die taalbeleid.

Dit was enkele van die bevindinge van 'n verslag wat die NWU-raad tydens hul werkswinkel op 15 April ontvang het.

Die verslag – wat lof én kritiek vir die NWU bevat – het voortgevloei uit die evaluering van die NWU deur 'n internasionale paneel aan die begin van 2014. Die paneel van sewe lede het die evaluering op uitnodiging van die NWU onderneem en hul verslag in April vrygestel.

Die groep moes die NWU met betrekking tot twee belangrike sake evalueer. Die eerste was die mate waartoe die universiteit die aanvanklike samesmeltingsdoelwitte bereik het, en die tweede die mate waartoe die NWU sy missie-elemente verwesenlik het.

VERSLAG FOKUS HIEROP

Die finale verslag het hoofsaaklik gefokus op onderrig-leer, navorsing, implementering van kundigheid, mensekapitaal, transformasie, finansies en infrastruktuur.

In die verslag is die NWU geloof vir sy navorsingskapasiteit en kundigheid in tegnologieoordrag, sy bevordering van plaaslike en streeksontwikkeling en gemeenskapsverbintenis. Die institusionele bestuur is ook geprys vir hul finansiële bestuur en die gevolglike finansiële stabiliteit van die instelling.

GEE AANDAG HIERAAN

Van die aanbevelings in die verslag is dat die universiteit beleide moet ontwikkel vir die werwing en behoud van personeel in areas waar daar rasse- en geslagswanbalans is, en

aansporings ontwikkel sodat personeel bereid sal wees om van die een kampus na 'n ander te skuif.

Die NWU moet ook verseker dat daar net soveel prominensie aan onderrig-leer-aktiwiteite gegee word as wat aan navorsing gegee word. Dit geld ten opsigte van personeelbeloning en die toewysing van werkslas. Pogings om akademiese programme oor die drie kampusse heen te bely, moet ook verskerp word.

Verder behoort die NWU sy huidige model van bestuur en korporatiewe bestuur te hersien sodat 'n geïntegreerde NWU-kultuur en identiteit kan ontwikkel, en bestuurskapasiteit oor die instansie as geheel versterk kan word.

BELANGRIKE MYLPAAL

“Die internasionale evaluering en die ontvangs van hierdie bevindinge en aanbevelings is 'n belangrike mylpaal vir die NWU,” sê prof Dan Kgwadi, visekanselier.

“Die institusionele bestuur is daartoe verbind om die uitdagings wat in die verslag geïdentifiseer is te aanvaar, en sal 'n strategiese aksieplan opstel vir die Raad se goedkeuring.”

Die paneel se verslag is ná die raadsvergadering op 15 April aan die publiek en die NWU-gemeenskap beskikbaar gestel en personeel sal genooi word om deur bestaande strukture insette te lewer.

Die volledige verslag is hier beskikbaar:





In hierdie uitgawe fokus ons op die hersiening van die 2014-begroting en veral op die tekort op die begroting. Eish! het me Elmarie de Beer, hoofdirekteur vir finansies, hieroor uitgevra.

V: Hoe groot is die tekort op die begroting tans?

A: Daar is 'n R42 miljoen-tekort op die kontantvloeibegroting. Hiervan is R22 miljoen 'n subsidie-inkomste-tekort, R15 miljoen 'n geprojekteerde tekort op klasgeld-inkomste, en R5 miljoen 'n maandelike tekort op die beursgelde vanaf die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente ("NSFAS").

V: Wat het hierdie tekorte veroorsaak?

A: Die subsidie van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding en die beursgeld van NSFAS was ontoereikend. Die klasgelde wat ons gehef het, was ook minder as wat ons voorsien het.

V: Waarom is die staatsubsidie te min?

A: Die 6%-styging in die departement se jaarlikse subsidie hou nie tred met die groei in studentegedagtes (soos wat die departement van ons verwag) nie. Dit het 'n groot invloed op ons begroting, want 40% van ons inkomste bestaan uit staatsubsidie.

V: Wat veroorsaak die tekort op ons klasgelde?

A: Een van die oorsake is dat minder studente by die universiteit ingeskryf of vir bepaalde modules geregistreer het as wat ons verwag het. Klasgeld kan nie net verhoog word om vir hierdie tekort op te maak nie, aangesien bekostigbaarheid en billikheid teenoor ingeskrewe studente 'n prioriteit is.

Behalwe dat daar minder inskrywings was, het die voorsiening vir slegte skuld in 2013 met R19 miljoen gestyg wat beteken dat ons ook minder van die klasgeld-inkomste invorder. Nes in die geval van staatsubsidie, het die klasgeld-tekort ook 'n groot invloed op ons begroting, aangesien klasgeld 33% van ons totale begrote inkomste verteenwoordig.

V: Watter probleme het ons met NSFAS-befondsing ondervind?

A: NSFAS-befondsing vir beurse was minder as wat ons verwag het. Nadat ons die eise vir 2013 by NSFAS ingedien het, het hulle ons laat weet dat hulle nie die totale bedrag van die eis sal kan betaal nie. Ons het nog tot ver in 2014 met NSFAS onderhandel om verlede jaar se gelde te probeer vorder.

Verder styg die totale befondsing van die departement vir NSFAS slegs met 6%. Dit alles veroorsaak 'n domino-reaksie, want in die praktyk beteken dit dat ons effektief minder geld het vir die volgende jaar se beurse, wat op sy beurt daartoe lei dat ons sowat 500 studente minder in 2014 kan help.

V: Kan ons nie maar van ons inkomste anders aanwend om die tekorte op ons begroting aan te vul nie?

A: Die geld wat ons redelik maklik kan "rondskuif" tussen die verskillende items op die begroting raak al hoe minder, want die departement het sedert 2011 baie meer van ons fondse geormerk as tevore.

(Geormerk beteken dat die fondse nie vir iets anders aangewend mag word as dit waarvoor dit bedoel is nie.)

Behalwe dat ons reeds tekorte het wat betref ons inkomste uit staatsubsidie en klasgelde, is 8% van ons totale inkomste spesifiek vir studente-inwoning en voedseldienste geormerk en 6% vir navorsingskontrakte.

Tel mens die 40% staatsubsidie en 33% klasgelde (waar ons reeds in die knyp is as gevolg van die tekorte) by die persentasie inkomste wat geormerk is, is dit altesaam 87% van ons inkomste waarmee ons baie min beweegruimte het.

Aangesien ons rente-inkomste van 3% ook vas is, los dit ons uiteindelik met net sowat 10% van ons inkomste wat ons kan gebruik om mee te woeker en ons besigheid te laat groei.

(Die 10% is hoofsaaklik ons derdegeldstroom-inkomste, met ander woorde ons inkomste uit entrepreneuriese aktiwiteite.)

Hierop is daar 'n verhoging in voorsiening vir slegte skulde in 2013 van 'n verdere R6 miljoen.

V: Beteken dit dat daar nou minder geld beskikbaar is om aan die verskillende rolspelers by die NWU te betaal?

A: Ja, daar is beslis minder geld beskikbaar as waarvoor ons verlede jaar begroot het en daarom moet ons die begroting aanpas.

V: In watter opsig word die begroting aangepas?

A: Om finansiële volhoubaarheid te verseker, sal ons moet sny waar ons kan. Dit sal tussen personeelkoste, bedryfskoste en kapitaalkoste wees in dieselfde verhouding as waarop ons ooreengekom het in tydens die opstel van die begroting. Daar gaan dus byvoorbeeld minder strategiese fondse en fondse vir onder meer nuwe aanstellings beskikbaar gemaak word.

Maar ons wil 'n beroep doen op almal om oral 'n ingesteldheid te hê om te spaar. Daar is ongelukkig nie onbepaalde fondse om ons tekorte aan te vul nie. Ons moet dus aanvaar dat ons meer moet doen met minder geld.



Mafikengkampus spog met dinamiese nuwe rektor

Prof Mashudu Davhana-Maselesele, nuwe rektor van die NWU se Mafikengkampus, glo dat ons almal in staat is tot baie meer as wat ons besef.

“Landelik en behoeftig beteken nie verstandelik gestremd nie. Dit beteken slegs dat jy 10 keer harder moet werk om te presteer omdat hulpbronne skaars is. Ek glo jou lot word nie bepaal deur wie jy is of waar jy vandaan kom nie, maar deur deurstellingsvermoë, harde werk en dryfkrag.”

Dis met hierdie boodskap waarmee prof Mashudu op 1 April 2014 die leiers by prof Dan Kgwadi oorgeneem het, en so die eerste vroulike rektor van die Mafikengkampus geword het sedert die samesmelting in 2004.

Prof Mashudu is beslis nie 'n vreemdeling op die kampus nie. Voor sy in 2012 as viserektor aangestel is, was sy die dekaan van die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie.

STREEF NA NAVORSINGSUITNEMENDHEID

Gedurende haar termyn as viserektor en

dekaan het sy 'n sleutelrol gespeel om navorsing tot 'n rekordhoogtepunt te laat styg. Onder haar leierskap het die publikasie-uitsette van 36,15 eenhede in 2009 tot 302,66 eenhede in 2013 verbeter.

Prof Mashudu se loopbaan weerspieël 'n diepgaande verbintenis tot akademiese uitnemendheid, gemeenskapsdiens en samewerking met die openbare sektor en praktyk. Sy beplan om haar ampstermyn van ses jaar te gebruik om die Mafikengkampus tot selfs hoër hoogtes aan te spoor.

“Die kampus het soveel groeipotensiaal. My rol as rektor sal wees om die kampus te ondersteun terwyl ons groei en daarna strewende om ons volle potensiaal te ontgin. Ons landelike ligging moet nie as nadeel beskou word nie, maar as 'n geleentheid om by te dra tot die groei en ontwikkeling van die provinsie en die land.”

Die Mafikengkampus het die afgelope jare alle verwagtinge oortref, en met prof Mashudu aan die stuur kan ons nog meer te wagte wees.

Huis en hart

Prof Mashudu het drie kinders wat haar baie na aan die hart lê. Vhuhwavho is getroud met Obrey en hulle het 'n tweejarige dogtertjie, Vhugala.

Haar ander twee kinders is Munyadziwa en Rotondwa.

“Ek is baie lief vir my gesin – hulle is my krag en my inspirasie. Ek sien uit na elke dag, want ek weet dat hulle na my opsien.”

Prof Mashudu sê sy is 'n Christen en luister graag na gospel-musiek. In haar vrye tyd lees sy of maak sy tuin.

Sy klim die leer na sukses

Prof Mashudu se akademiese rekord sluit in 'n BACur (Verpleegkunde), 'n Hons (BACur), 'n meestersgraad in verpleegkunde-opleiding, en 'n doktersgraad in psigo-opvoedkundige programontwikkeling.

Haar publikasies het in verskeie nasionale en internasionale vaktydskrifte verskyn en talle navorsings- en projekverslae het al uit haar pen gevloei. Sy het 'n beurs van Fogarty Funding ontvang om haar postdoktorale studies voort te sit by die Universiteit van Kalifornië in Los Angeles, VSA, in samewerking met die Universiteit van Limpopo. Haar navorsing fokus op trauma met spesiale verwysing na geslagsgebaseerde geweld.

Sy het ook 'n nagraadse diploma by die Internasionale Navorsingsetieknetwerk vir Suidelike Afrika (INENSA) voltooi. Prof Mashudu se navorsing gaan oor seksuele en reproductiewe

gesondheid, en fokus op trauma wat voortspruit uit seksuele en geslagsgebaseerde geweld.

Sy dien op verskeie professionele liggame, insluitend die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging. Behalwe haar ander toekennings, het sy ook die Hall of Fame-toekenning vir navorsingsuitnemendheid in verpleging van die Forum for University Nursing Deans of South Africa (FUNDISA) ontvang.

Prof Mashudu is ook die hoofredakteur van *Curationis*, die amptelike vaktydskrif van die Demokratiese Verpleegkunde-organisasie van Suid-Afrika.



Raakvatvrou hou die

Dié beskeie vrou kan lékker gesels – en sommer so luglangs, via e-pos. Eish! stel sy lesers graag bekend aan me Elbie Steyn, registrateur van die Vaaldriehoekampus.

Die oumense sou gesê het sy's 'n agtermekaar vrou, 'n raakvatter. Dis nou Elbie Steyn, wat die registrateursleisels van die Vaaldriehoekampus stewig in haar hande hou.

Elbie het op 'n plaas in die distrik van Bethal grootgeword, in die dorp skoolgegaan en later aan Hoogenhout Hoërskool in Bethal gematrikuleer.

As enigste dogter in die gesin moes sy leer om haarself op die plaas besig te hou.

“Ek dink ek was 'n bedrywige dogtertjie. My kosbaarste herinneringe is die sorgvryheid en geborgenheid wat ek ervaar het. Ons het wonderlike kinderdade gehad.”

Ná matriek het sy regte (Bluris) aan die voormalige Universiteit van die Oranje-

Vrystaat gaan studeer. Haar eerste tree in die beroepswêreld was as staatsaanklaer by die landdroskantoor in Pietersburg.

'N RARITEIT IN DIE HOF

“'n Vrou in die hof was daardie jare so 'n rariteit dat die plaaslike koerant met my 'n onderhoud kom voer het kort na my aanstelling.”

Daarna het sy 'n klerkskap as ingeskrewe klerk by 'n prokureursfirma gedoen en vir 'n paar jaar as prokureur gepraktiseer.

Sy is sedert 1 Julie 1984 in diens van die NWU toe dit nog die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys was.

Sy is aanvanklik as lektor aangestel om handelsreg vir die BCom-studente te doseer. Ná voltooiing van haar LLM-graad is sy in dieselfde departement tot senior lektor bevorder.

Daarna het sy deelyds BCompt by Unisa begin studeer. “Die studies was so interessant dat ek dit met 'n honneurs in bestuursrekeningkunde afgerond het,” sê sy.

Sy is op 1 Januarie 2005 as registrateur van die Vaaldriehoekampus aangestel.

As kampusregistrateur is die grootste uitdaging vir haar om betroubare en foutlose prosesse en dokumente te verseker wat betref die studente-administratiewe- en sertifiseringsfunksie, en ook die rekordhoudingsfunksie. Sy is ook vir korporatiewe beheer verantwoordelik.

“Ons skryf geskiedenis, en ons moet verseker dat die geskiedenis vir die nageslag behoue bly,” sê sy.

GROOT LEKKERTES

Vir Elbie is dit baie bevredigend om te sien hoe die Vaaldriehoekampus die afgelope



leisels stewig vas

10 jaar gegroei het van 'n satellietkampus na 'n volwaardige universiteitskampus.

“Ons het baie nuwe geboue gekry, ons studentegetalle groei soos beplan en op die sportveld staan ons studentespanne hul plek vol. Die Vaaldriehoekskampus is 'n dinamiese werkplek.”

Nog iets wat vir haar lekker is, is dat daar elke dag 'n nuwe uitdaging in die registrateurskantoor is – iets wat die adrenalien laat vloei.

Daar is heelwat redes waarom die Vaaldriehoekskampus vir haar 'n aangename werkplek is. Eerstens is die kampus nog klein genoeg dat hulle 'n personeelfunksie vir al die personeel gelyktydig kan hou.

Tweedens glo sy die pragtige omgewing waarin die kampus geleë is, het definitief ook 'n invloed op die atmosfeer.

“'n Derde rede is die werklik diverse personeelkorps en studentegemeenskap wat bydra tot die unieke dinamika van die kampus,” sê sy.

NA AAN HAAR HART

Die Steyns woon in Vereeniging. Elbie se man, Marius, is 'n sakeman met 'n besigheid wat in sekuriteitsomheininge en -toerusting spesialiseer.

Hulle het twee seuns. Jacobus, die oudste, is 'n meganiese ingenieur by Megchem in Secunda en 'n baie lojale oud-inwoner van Veritas-koshuis op die Potchefstroomkampus.

Die jongste, Michiel, studeer tans BCom Ekonomie en Risikobestuur, ook op die Potchefstroomkampus.

Iets wat haar ook baie na aan die hart lê, is die kweek van bonsai-boompies. (Sien tekskassie.) Sy maak ook graag tuin en doen naaldwerk. Dit lyk inderdaad of dié raakvatvrou se hande vir niks verkeerd staan nie. Buiten vir haar eie gesin en haar dwerg-boompies, sorg sy ook vir die hele “kroos” daar op die walle van die Vaalrivier.

Met die leisels veilig in haar hande, koester sy haar “Vaaldriehoek-kinders” – al 6 515 van hulle.

Sy boer met bonsais

Sowat ses jaar gelede het die bonsai-gogga vir Elbie Steyn gebyt.

Sy sê haar seun het die eerste boompie, 'n swart apiesdoring, gekoop en in sy koshuiskamer gehou. Gedurende die vakansie moes sy die boompie versorg en toe was dit neusie verby – die boompie is toe nie weer terug koshuis toe nie.

Elbie sê sy probeer inheemse doringbome met 'n tipiese doringboomvorm kweek. “In 'n stadium kry die boom karakter, en wanneer die stam dik en verouderd is, kry dit die persoonlikheid van 'n mooi middeljarige man,” sê sy.

Oral waar sy gaan, veral in die bosveld, versamel sy boomsade. “In die natuur beweeg 'n saad gewoonlik eers deur die spysverteringskanaal van 'n dier voordat dit natuurlik ontkiem. Baie sade ontkiem dus moeilik onder ander omstandighede. 'n Ander uitdaging is om boompies van steggies te kweek.”

Elbie behoort nie aan 'n bonsai-klub nie, maar lees en eksperimenteer baie. As jy met bonsai wil begin, sê Elbie, moet jy baie geduld en 'n liefde vir plante hê. “Omdat die grond in die pot so min is, het die bome gereeld water nodig en daarom moet ek altyd eerste aan die versorging van die bome dink wanneer ons wil weggaan.”

Elbie het nou omtrent 40 boompies. Party is nog baie klein, terwyl ander al mooi groot en goed gevorm is. Vir haar is die mooistes 'n swart apiesdoring, 'n knoppiesdoring en 'n vuurdoring.

Haar ideaal is om eendag 'n uitstalling van al haar mooi bome te hou.

“As kunstenaars hul kunswerke kan uitstal, kan bonsai-kwekers seker ook hul bome uitstal,” sê sy.

Ander interessantheide

My gunstelingdis: Kos is nie hoog op my prioriteitslys nie, maar vrugteslaai met baie grenadellas in, is lekker.

My gunstelingboek of -flik: Ek lees graag en baie. Die boek wat ek weer en weer lees, is *Kambrokind* van FA Venter. Dit is die skrywer se deernis en erkentlikheid vir die rol wat sy ma in sy lewe gespeel het, wat my elke keer bybly.

My gunstelingmusiek: Ons bly nie in 'n huis waar die musiek altyd speel nie. Wanneer ek alleen is, speel ek graag klassieke musiek. Dan daver Zorada Temmingh se orrelverwerkings of Tchaikovsky se musiek deur die huis. Gelukkig woon ons op 'n groot erf en kan ek die musiek baie hard speel sonder dat die bure kla.

My gunstelingdier: 'n Jack Russel. Hy het meer persoonlikheid as baie mense en die hart van 'n leeu.

Dit maak my gelukkig: Die lewe is vir my lekker. Ek geniet baie dinge; samesyn met vriende en familie, kuier om die etenstafel en lag oor insidente uit die verlede. Die mensdom laat my ook dikwels lag, al is dit net in my mou.

Die grootste invloed op my lewe: My pa was 'n baie regverdige mens en het vir ons ewigdurende waardes geleer. Ek verlang dikwels na die dae toe ek saam met hom in die bakkie lande toe of na die skape toe kon ry.

My lekkerste vakansie ooit: 'n Besoek aan Washington – wat 'n mooi, interessante en besoekersvriendelike stad! Ek geniet ook die natuur. Ek stap baie graag en het al 'n ultramarathon van 301 km langs die Weskus gestap. Ek was ook in 2006 deel van die NWU-groep wat Kilimandjaro geklim het. Ek het dit amper nie gemaak nie, maar danksy die ondersteuning van die groep, het ons almal die kruin bereik.

Handboek oor chemie weer bekendgestel

Twee chemieprofessors, prof Mailoo Selvaratnam en prof Helen Drummond, het 'n tweede uitgawe van die boek *A guided approach to learning chemistry* die lig laat sien.

Die boek, wat in 2013 gepubliseer is, volg op die eerste uitgawe wat in 1998 deur prof Mailoo geskryf is.

"*A guided approach to learning chemistry* is 'n nuttige hulpmiddel vir eerstejaar-chemiestudente aan universiteite, kolleges en tegnicons. Dit is die produk van baie jare se onderrig van eerstejaars. Die filosofie van die boek is dieselfde as dié van die eerste uitgawe, maar enkele wysigings is aan die inhoud gemaak. Dit is bygewerk, duideliker gemaak en herorganiseer," sê prof Helen.

"Ons is besig met 'n meer uitgebreide uitgawe wat in 2014 gepubliseer sal word, waarin basiese konsepte van fisiese en organiese chemie aan die orde gestel word," voeg sy by.

Prof Mailoo is 'n bekende wetenskaplike en outeur van ses handboeke en meer as 50 publikasies, terwyl prof Helen al baie jare lank klasgee vir eerstejaarstudente en al heelwat navorsingspublikasies op die gebied van chemie-onderrig die lig laat sien het.



Prof Mailoo Selvaratnam deel sy kundigheid oor chemie in die nuwe, bygewerkte uitgawe van *A guided approach to learning chemistry*.

Wetenskapsentrum se bestuurder woon wêreldberaad by

Die bestuurder van die Wetenskapsentrum, me Lerato Molebatsi, het die Wetenskapsentrum-wêreldberaad van 17 tot 19 Maart 2014 by die Technopolis Wetenskapsentrum in Mechelen, België, bygewoon.

By die beraad het afgevaardigdes kwessies rondom drie hoofemas bespreek, naamlik navorsing en kommunikasie, hoe om 'n boeiende leeromgewing te skep, en nuwe tegnologieë vir leer.

"Die 2014-beraad bring bestuurders, besluitnemers en kundiges van binne en buite die wetenskapsentrum-velde byeen om globale uitdagings te verken en op langtermyn strategiese kwessies te fokus," sê Lerato.

By hierdie beraad het leiers van wetenskapsentrums en museums van 58 lande regoor die wêreld die Mechelen-verklaring uitgereik. Dit is 'n verbintenis om op te tree om die publiek meer betrokke te kry.

Die beraad is ook bygewoon deur Sy Majesteit Koning Philippe van België wat die eerste ondertekenaar van die verklaring was.



Die bestuurder van die Wetenskapsentrum, me Lerato Molebatsi, woon die Wetenskapsentrum-wêreldberaad 2014 saam met 442 ander kundiges op die gebied van kommunikasie en wetenskaponderwys by.

Student wen nasionale FameLab-kompetisie

Mnr Raven Motsewabangwe, 'n student van die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie, is onlangs aangewys as die algehele wenner van die nasionale FameLab-kompetisie.

Hierdie kompetisie het op 14 Maart 2014 tydens die Nasionale Wetenskapsfees (Scifest) in Grahamstad plaasgevind. Raven, wat tans besig is met sy honneursgraad in mikrobiologie, het met 18 ander studente uit sewe streke meegeding.

FameLab is 'n internasionale kompetisie. Dit bevorder kontak tussen wetenskap en die samelewing en skep geleenthede waar jongmense kan

praat oor wetenskap, tegnologie, ingenieurswese en wiskunde. Tydens die kompetisie het die mededingers drie minute tyd gehad om die beoordelaars en gehoor toe te spreek.

Raven en me Kgomotso Mohatalle het die kampus by die Scifest verteenwoordig nadat hulle die streek se FameLab-kompetisie gewen het wat op 13 Februarie 2014 in die Wetenskapsentrum op kampus gehou is.

Raven se onderwerp vir die FameLab-kompetisie was: "Die oorsake van virusinfeksies, en hoe om dit te voorkom."

'n Ma-figuur soos min

Sy is die roos tussen die dorings, die een wat altyd bereid is om te help.

Me Ronel Emms, die NWU-Puk-rugbyinstituut se administratiewe beampte, se gesig word selde op 'n wenfoto gesien. Tog weet die spelers dat dit danksy haar is dat bekere omhoog gehou word. Vir talle besoekers is sy die gesig van die rugbyinstituut, en watter vreugdevolle gesig is dit nie...

"Dit is vir my elke môre lekker om werk toe te kom. Die rede is die personeel – ons werk absoluut as 'n span saam. En dan is daar natuurlik die rugbyspelers – my 'aangenome' seuns." Ronel is van 1996 af by die universiteit en is sedert 2006 voltyds by die rugbyinstituut betrokke. Deur stroopsoet seges en hartverskeurende nederlae weet sy haar "seuns" is waar hulle hoort.



Me Ronel Emms, die "ma" van die rugbyinstituut, sê die rugbyspelers is nie net nommers nie, hulle is unieke mense.

Erkenning: Bertie Jacobs

Prof Wannie word lid van PanSAT-raad

Prof Wannie Carstens, direkteur van die P Skool vir Tale in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, is vroeër vanjaar aangewys as lid van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, bekend as PanSAT.

Mnr Paul Matshatile, die minister van Kuns en Kultuur, sê prof Wannie se aanstelling is gemaak ter erkenning van sy prestasies en bevoegdheid. Prof Wannie is vanaf 1 April 2014 vir 'n termyn van vyf jaar aangestel.

"Ek hoop om deur my bydrae meertaligheid in die land te bevorder en in hierdie proses ook aan Afrikaans 'n vaste staanplek in die talebedeling in die land te gee," sê prof Wannie.

Prof Wannie is ook tans die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie van Kuns en Kultuur, die Nasionale Taalligaam vir Afrikaans en van die Raad van die Afrikaanse Taalmuseum en Taalmonument.

Hy was die stigter en eerste voorsitter van die Afrikaanse Taalraad, en dien op verskeie rade, byvoorbeeld dié van die Universiteit van Stellenbosch. Hy is onder meer ook 'n lid van die paneel adviseurs vir die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling.

Prof Wannie Carstens is 'n taalloendi van formaat en nou ook lid van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.



WETTIGE renosterhorings hou groot voordele in

Gemeenskappe in Suid-Afrika kan baie baat by die implementering van gewettigde handel in renosterhoring.

So sê mnr Michael Murphree, 'n navorser by die Afrika-Sentrum vir Rampstudies. Hy glo die Suid-Afrikaanse regering se standpunt om beperkte handel in witrenosterhoring te probeer bewerkstellig, is 'n groot ekonomiese geleentheid.

"Gewettigde handel in renosterhoring sal die betrokke gemeenskappe se lewensgehalte aansienlik verbeter en ook die druk op die regering verminder om onwettige stropery te bekamp," sê Michael.

Hy stel voor dat gemeenskappe wat suksesvol was met grondeise, of wat grond tot hul beskikking het, die geleentheid gegee moet word om aan 'n renosterboerderyprojek deel te neem.

Wat die opbrengs van renosterhoring betref, is die markwaarde tussen R200 000 en R300 000 per kilogram. Een renoster kan miljoene rande se inkomste genereer, aangesien dié diere tussen 35 en 50 jaar oud word.

"Wanneer 'n renoster op 'n verantwoordelike wyse onthoring word, groei die horing binne twee jaar terug na sy oorspronklike lengte," sê Michael.



Studente vind hier 'n veilige hawe

Die direktoraat Studentevoorigting en -ontwikkeling het onlangs 'n bewusmakingsveldtog begin om die verskeidenheid dienste wat hulle lewer, bekend te stel.

Nog 'n doelwit van die veldtog was om die persepsie dat voorligting- en ontwikkelingsdienste 'n formele en beperkende praktyk is, die nek in te slaan.

Volgens dr Saneth Dreyer, direkteur van die direktoraat, bied hulle 'n "veilige hawe" waar studente kan ontspan en voordeel trek uit die vriendelike en professionele bystand. Geleë in die Leer- en Navorsingmeent, bied Studentevoorigting en -ontwikkeling 'n een-stop-winkel in terme van psigososiale en fisiese welstand.

Die direktoraat is die tuiste van verskeie ondersteuningstrukture, onder meer die loopbaansentrum, Portuurhelpers (Ch@s), die Thuso-krisisentrum, die Sentrum vir Gestremdeidsondersteuning, Maatskaplike Werkersteun en die kampus se gesondheidskliniek.

Meestersgraad in toegepaste risikobestuur skop af

Die UARM Centre for Applied Risk Management het onlangs hul uitdagende meestersgraad in bankwese en finansiële risikobestuur van stapel gestuur.

Hierdie nuwe program, een van slegs 'n handvol wêreldwyd sover bekend, het 'n toegepaste kwalitatiewe risiko-fokus, terwyl meeste ander nagraadse risiko-programme se fokus op die kwantitatiewe risiko-aspekte val.

'n Groep van 12 studente het die eerste kontaksessie van 6 tot 9 Maart by UARM se tuiste by die Quest Conference Estate op Vanderbijlpark bygewoon.

Die meestersgraad is 'n deelydse program wat oor twee jaar strek en gereelde kontakssessies insluit.



Prof Hermien Zaaiman van die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe lei die span wat onlangs die nuwe meestersgraad begin het.

Om vir hierdie program oorweeg te word, moet aansoekers 'n honneursgraad en ten minste twee jaar werkserfaring hê, en tans 'n risiko-verwante pos beklee.

Aansoek vir 2015 open in Junie. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos aan mnr Henry Cockeran by henry.cockeran@nwu.ac.za.



Mnr David Habana van Absa gesels met eerstejaarstudente oor finansiële beplanning.



Suster Mapeete Mulumba is die hoof van die kampuskliniek, 'n belangrike diens wat onder die vaandel van Studentevoorigting en -ontwikkeling gelewer word.

Eerstejaars word geld-slim

Die kampus het onlangs met Suid-Afrika se grootste verbruikersbank, Absa, hande gevat om alle eerstejaarstudente te leer hoe om hul finansies te hanteer. Dit was deel van die sogenaamde "Absa Empower Hour"-inisiatief.

Dié opleiding, gesamentlik gekoördineer deur die Skool vir Gedragwetenskappe en die Centre for Continuous Professional Development, het tydens die ontvangsprogram vir eerstejaars plaasgevind.

Dr Elrie Botha, direkteur van die skool, sê eerstejaars het nuwe vryhede, onder meer ook wat hul finansies betref. "Die inisiatief bemagtig hulle om dié vryheid verantwoordelik te bestuur en om die groter prentjie van hul langtermyn- finansiële welstand te verstaan."

Gesprekke vind tans plaas om te sien hoe dié opleiding aan die senior studente op die Vaaldriehoekskampus en ook ander studente op ander kampusse gebied kan word.

NWU-kundiges kén hul storie

Lede van die NWU deel voortdurend hul kundigheid met die gemeenskap waar ook al die geleentheid hom voordoen – tydens toesprake of onderhoude met die media. In hierdie voortgaande reeks deel ons graag die volgende aanhalings met ons lesers.

’n Dienspligjaar (na aanleiding van die regering wat nou ’n raamwerk en plan ontwikkel om gemeenskapsdiens uiteindelik vir alle gegradueerdes in alle studierigtings verpligtend te maak) is ’n rein gedagte – as dit weldeurdag is. Eintlik word daar dan vir elke student ’n werk beloof, wat fenomenaal is, maar hoekom was daar dan nie einde verlede jaar vir almal werk nie? 🗨️

Prof Elda de Waal, Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe, Vaaldriehoekkampus. “Vrae oor gemeenskapsdiens in SA”, Rapport, 22 Maart 2014.



/// Ruitplakkers op voertuie kan ’n veiligheidsrisiko wees – dit is egter omdat mense so sosiaal is dat hulle hul persoonlike lewe en netwerke op die agterruit van hul voertuie uitstal. Dit kan die behoefte by mense bevredig om te demonstreer dat hulle deel is van ’n netwerk – al is die res van die netwerk katte, honde en voëls. ’n Netwerk behels ook sosiale rolle en daarom word die karakters tipies in rolle uitgebeeld soos om gholft te speel of skool te gaan. ///

Prof Johan Zaaiman, Skool vir Sosiale en Owerheidstudies, Potchefstroomkampus. “Dié ruitplakkers op voertuie dalk ’n gevaar”, Volksblad, 18 Maart 2014.

🗨️ Dit is belangrik om te let op die verskille tussen ’n seksmisdadiger en ’n pedofiel... Enigiemand wat ’n seksmisdaad pleeg, is ’n seksmisdadiger... ’n Pedofiel is ’n volwassene wat seksueel aangetrokke is tot kinders. As pedofiele nooit uiting gee aan hierdie drange nie, sal hulle nie seksmisdadigers word nie. Dit is dus moontlik om ’n pedofiel te wees sonder om ooit ’n misdaad te pleeg. 🗨️

Me Sufran Smith, Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe, Potchefstroomkampus. “Principal charged with possession of child porn in court again”, www.looklocal.co.za, 21 Maart 2014.



/// Verskeie tolkfoute in ’n hofspraak kan tot gevolg hê dat die uitspraak beïnvloed word hierdeur. Behoorlike opleiding en samewerking van die Departement van Justisie is van kritieke belang om verdere internasionale verleentheid te voorkom. ///

Mnr Johan Blaauw, Taaldirektoraat, Institusionele Kantoor. “Shoddy interpreting mars trials”, Pretoria News, 24 Maart 2014.

🗨️ Joernaliste in verskillende mediahuise moet politieke partye billik behandel sodat die kompetisie, wat nodig is vir die oorlewing van demokrasie, daar is en elke party ’n kans het om sy idees aan die kiesers bekend te maak... Daar moet gewaak word teen ’n soeke na sensasie, want dit lei dikwels tot apatie. Goeie en slegte stories moet hul ruimte gegun word op ’n manier wat daarna streef om die ideale van konstitusionele demokrasie te bevorder. 🗨️

Prof Freddy Khunou, Fakulteit Regte, Mafikengkampus. “Journalists share ideas”, The New Age, 21 Maart 2014.



Dr Christo Venter is nederig dankbaar vir al sy talente. "Ek dank my Hemelse Vader vir ongelooflike geleenthede, mense en gawes."



ONS
mense

Christo is sinoniem met veelsydigheid

Die NWU se mense is nie net intelligent, kundig en talentvol nie, hulle is ook veelsydig. In ons reeks oor interessante NWU-personeel kuier ons by 'n personeellid by wie die term veelsydigheid nuwe betekenis kry.

Wat kry jy as jy 'n dosent, navorsers, musikant, digter, skilder en koerantman saamvoeg? Jy kry dr Christo Venter, senior lektor by die Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe en die Sentrum vir Ruimtenavorsing op die Potchefstroomkampus.

Christo, wat deur die Nasionale Navorsingstigting met die uitsonderlike presidentstoekening vereer is vir sy navorsing in die veld van gammastraal-astronomie, is 'n bewys dat wetenskaplike denke ook kreatief in verskeie vorme gestalte kan kry.

MUSIEK IS KOS VIR SIEL

Christo vertel dat sy liefde vir musiek 'n belangrike deel van sy lewe is. Hy was die afgelope 10 jaar musikleier en pianis by sy gemeente in Potchefstroom waar musiek vir hom sielskos is.

Dit is sy groot liefde vir musiek en die skepping daarvan wat aanleiding gegee het dat hy in Desember sy eerste CD, *Seisoene van die Siel/Seasons of the Soul*, opgeneem het. Dié CD, met oorspronklike snitte soos "Die Ritme van Ruimtetyd", "Sterligsimfonie" en "Tuisreis" versoek sy liefde vir wetenskap, die natuur en taal met sy musiek talent.

"Ek het op skool klassieke klavierles as vak geneem en in kore gesing. Ek het later ook op gehoor begin speel en so om en by 40 eie komposisies vir die klavier voltooi. Ek wou iets spesiaals daarvan maak en het altyd gewonder wat ek met die komposisies kon doen. Dit het 15 jaar geneem voordat ek uiteindelik by die regte

** As jy weet van 'n kollega wat iets besonder of interessants in sy of haar lewe buite die universiteit doen, stuur gerus die inligting aan Willie du Plessis by willie.duplessis@nwu.ac.za.*



Dr Christo sê hy skilder meestal vir homself. "Die skilderye is vir my spesiaal, maar omdat dit soms tot 'n jaar neem om hulle te voltooi, hou ek hulle maar eerder vir myself."

mense uitgekom het wat my gehelp het om die CD op te neem en só 'n lewenslange droom te verwesenlik."

Die CD, *Seisoene van die Siel/Seasons of the Soul*, is op die webwerf, www.christoventer.com, beskikbaar. Christo het ook 'n musiekvideo van een van sy komposisies, "Mediterrane Herinnering", op dié webwerf.

DIGKUNS VUL MUSIEK AAN

Vir elke snit op die CD is daar 'n bypassende gedig in die CD-boekie. Christo kon op dié manier ook sy liefde vir taal uitleef en sy besondere digtalent ten toon stel.

Hy sê sy eie digkuns is meestal "meditatief". "Ek peins oor die sin van alles. Met my digkuns dink ek wyer as die tydelike en skryf ek ook oor die ewigheid. Daar is besliste godsdienstige temas."

SKILDERKUNS BIED AFWISSELING

"Ek het van kleins af geteken en geskets en het selfs kuns vir so 'n paar maande op skool geneem voor ek my vakkeuse verander het," vertel Christo. "Ek het in 2004 besluit dat dit tyd

was om hierdie talent verder te ontgin en het ingeskryf by die Kreatiwiteitsentrum vir 'n kursus in olieskilderwerk." Hy sê sedertdien het hy ongeveer ses groot skilderye voltooi. Sy werk fokus veral op landskappe en stillewes.

SKEP KOERANT MET UITLEG


Sy liefde vir kuns, kleur en skep kry verder uiting deur sy werk as uitlegkunstenaar wat hy in sy vrye tyd doen.

"Ons gesin gee die christelike koerant, *Goeie Nuus/Good News* in Noordwes uit. Die koerant is 'n maandelikse advertensieblad met artikels wat godsdienstige temas het. Ek het in matriek begin om te help met die uitleg en is sedertdien nog aktief betrokke daarby."

TYD BEPERK NIE KREATIWITEIT NIE

Hy sê tussendeur al sy navorsing, werk en belangstellings is dit soms moeilik om tyd vir alles te kry. "As mens regtig 'n passie het vir iets, sal jy tyd vind daarvoor," vertel hy glimlaggend.

Christo se veelsydigheid is 'n inspirasie vir almal, veral vir dié wat kla dat die tyd net te min is.



AS EK IEMAND VIR ETE KON NOOI SOU DIT WEES....

Indien personeellede enigiemand vir ete kon nooi; wie sou hulle kies en waarom? 'n Klompie personeellede het vir Eish! van hul keuses vertel.

Prof Nicholas Allen, direkteur vir internasionale skakeling in die Institusionele Kantoor: "As ek kon kies, sou ek eerder teruggaan in tyd na 'n ver en afgeleë epog – iets soos die laat-Jurassiese tydperk, omtrent 150 miljoen jaar gelede.

"Dit sou geweldig insiggewend wees om die wisselwerking tussen lank-reeds-uitgestorwe fauna en flora te sien. Dink net hoe opwindend dit sou wees om Archaeopteryx te sien vlieg, of te kyk hoe 'n Allosaurus 'n Stegosaurus bekruipe en vir aandete verslind!"

Me Jacqueline Jansen van Vuuren, senior rekordbeampte, Rekordbestuur en -administrasie, Institusionele Kantoor: "Ek sou Nataniël oornooi. Hy sou waarskynlik self die kos wou maak, en aangesien hy 'n uitstekende kok is, sou dit vir seker 'n feesmaal wees.

"Hy is 'n baie interessante persoon wat baie weet van alles. Ek dink daar sou baie gelag word so tussen die gesmul deur. 'n Mens sou nie vir 'n oomblik verveeld wees nie."

Me Francina Modise, sekretaresse, Gemeenskapsregsentrum, Mafikengkampus: "Ek sou die voormalige staatspresident, mnr Thabo Mbeki, wou nooi. Ek hou van hom, want hy is plat op die aarde en intelligent.

"Hoewel hy nie sy ampstermyn as president kon uitdien nie, het hy nederig gebly en die posisie afgestaan sonder om onnodige konflikte veroorsaak. Ek beskou hom as 'n man met integriteit en ek bewonder hom."

Prof Theuns Pelsler, direkteur van die Nagraadse Skool vir Owerheid en Leierskap, Mafikengkampus: "Ek sou Søren Kierkegaard (1813 -1855) wou oornooi. Hy is 'n Deense filosoof, teoloog, digter, sosiale kritikus en religieuse skrywer.

"Hy het in sy tekste kritiek gelewer oor georganiseerde godsdiens, die Christendom, moraliteit, etiek, psigologie, sielkunde en godsdiensfilosofie. Baie van sy filosofiese werke het te make met hoe om as 'afsonderlike individu' te leef.

"Ek sou met hom wou gesels oor die meriete daarvan om die lewe terugwaarts te definieer, maar vooruit te leef. Dat die aankoms die rede vir die vertrek definieer. Of, soos hy dit gestel het, 'It is right thinking about life that gives freedom its map.'"

Me Petunia van Blerk, administratiewe beampte, Eenheid vir Oop Afstandseleer, Potchefstroomkampus: "Ek sou die Suid-Afrikaanse komediant, Leon Schuster, vir ete nooi.

"Oud en jonk kan sy humorsin waardeur. Ek dink hy hou van mense. Hy het die vermoë om mense se bui te verander – hulle lag, al is hulle kwaad of depressief. Hy is snaaks, dierbaar, en dalk selfs 'eetbaar' – hy is net Leon Schuster."

Me Elre van den Heever, administratiewe assistent, Eksamenafdeling, Potchefstroomkampus: "Ek dink die beste persoon om vir ete te nooi sou Abraham Lincoln wees.

"Hoewel ek nie veel van Amerikaanse geskiedenis af weet nie, wil ek graag weet wat hy gedoen het om daardie reuse sitplek in Washington DC te verdien. Dit is beslis een van die plekke wat ek eendag wil besoek.

"Ek sou hom ook wou vra of hy regtig altyd die waarheid gepraat het. Dan sou ek hom graag aan 'n leuenverklikker wou koppel om die egtheid van sy antwoorde te toets."

Prof Shikha Vyas-Doorgapersad, medeprofessor, Openbare Bestuur en Administrasie, Skool vir Basiese Wetenskappe, Vaaldriehoek-kampus: "Ek sou graag 'n tradisionele maaltyd sonder swaar geurmiddels saam met Moeder Teresa wou geniet. Ons het 'n gemeenskaplike basis: my siel het neergedal in Indië, waar haar siel opgevaar het.

"Ek sou graag oor die 'weg van nederigheid' wou leer. Dit is iets wat ek op my eie akademiese pad sou kon deel om vroue en kinders op te hef en humanitêre evolusie te bevorder."

Mnr Neels Vermeulen, direkteur, Akademiese Administrasie, Vaaldriehoek-kampus: "Ek sou die 87-jarige wetenskaplike en omroeper, sir David Attenborough, uitnooi. Ek beskou hom as die persoon wat al die meeste vir natuurbe-waring gedoen het.

"Ek twyfel of enigiemand anders al op soveel plekke in die wêreld was, en soveel nuwe plant- en dierspesies verfilm het soos hy en sy filmspan. Hy het so baie energie – Eskom behoort hulle te skaam."



NICHOLAS



JACOLINE



FRANCINA



THEUNS



PETUNIA



ELRE



SHIKHA



NEELS

En die **wenners** is...

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenk gewen het:



Institusionele Kantoor:

Me Elza Moorcroft, projekadministrateur, Fisiese Infrastruktuur en Beplanning




Mafikengkampus:

Me Shirley Tikoe, bode, kantoor van die kampusrektor



Potchefstroomkampus:

Me Lynette Tolmay, administratiewe beampte, Beskermingsdienste



Vaaldriehoekkampus:

Me Lethiwe Kubheka, kultuurbeampte, Studentesake

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het. As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar nou wéér 'n kans om aan ons opwindende kompetisie deel te neem.

Wen! Wen! Wen!

Jy kan 'n korporatiewe geskenk wen – vind net hierdie 10 antwoorde!



1.

Identifiseer die nabyskote deur te sê wat dit is en verskaf die bladsynommers waar hulle verskyn.

2.

3.

4.

5.

6. Wie was die algehele wenner van die Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid?
7. Noem een van die sewe navorsings- en innovasieprojekte wat onlangs befondsing van die Tegnologie-innovasie-agentskap ontvang het.
8. 'n Internasionale paneel het die NWU onlangs geëvalueer. Op watter datum is hulle verslag aan die NWU-raad voorgelê?
9. Noem een van die kunsvorme wat dr Christo Venter beoefen.
10. Wie is die direkteur van die Tegnologieoordrag- en Innovasiesteun-kantoor?

Stuur jou antwoorde aan:

Pos: Marelize Santana

Interne bussie 260

E-pos: marelize.santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblokkie

Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van afdeling en kampus.

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat ontvang word, sal 'n prys losslaan!

Deon bestuur nou innovasie en tegnologie

Dr Deon de Beer is sedert 1 Maart die nuwe hoof van die Tegnologieoordrag en Innovasiesteun-kantoor (TOIS-kantoor) in die Institusionele Kantoor.

Dr Deon de Beer sê sy hooftake is om innovasie-inisiatiewe te ondersteun en te bevorder.



Deon volg in dr Rudi van der Walt se spore as direkteur vir tegnologie-oordrag en innovasie-ondersteuning. Hy sê sy doelwit is om voort te bou op die goeie werk wat sy voorgangers en kollegas gelewer het, en steeds doen.

Deon het sy loopbaan as meganiese ingenieur begin en het sedertdien 'n luisterryke loopbaan van ongeveer 15 jaar in innovasie en tegnologie.

Hy was onder meer vir vyf en 'n half jaar uitvoerende direkteur vir innovasie en tegnologie-oordrag by die Vaal Universiteit van Tegnologie en voor dit hoofdirekteur vir tegnologiebestuur

by die Sentrale Universiteit van Tegnologie in Bloemfontein. Sy navorsing het onder andere op ontwerp, versnelde produkontwikkeling, en gevorderde- en rekenaargedrewe vervaardiging gefokus. Deon het ook die ontwikkeling van 'n suksesvolle wetenskaps- en tegnologiepark, en 'n streek-innovasieforum op sy kerfstok.

Hy sê die fokus van die TOIS-kantoor is om navorsingskommersialisasie en oordrag na die industrie op al drie die NWU-kampusse te ondersteun, maar ook om nuwe geleenthede vanuit die regeringsektore, gemeenskap, handel en nywerheid na die universiteit te bring.

Deon is getroud met dr Hanli de Beer, senior dosent by die Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe op die Potchefstroom-kampus.



Met sy hande stewig op die stuur van die NWU-skip, is prof Dan Kgwadi, nuut aangestelde visekanselier, doelgerig op koers na nuwe horisonne en uitdagings wat wag.

SO PRESTEER EN GROEI DIE NWU



2004-2013

BYDRAE TOT SA-ARBEIDSMAG

VERPLEEGSTERS



REKENMEESTERS



PROKUREURS



INGENIEURS



VERDERE OPLEIDING VIR ONDERWYSERS




OPVOEDINGSWETENSKAPPE

Getal afstandstudente wat hul studies voltooi



RSA-GEPATENTEERDE UITVINDINGS



* Die 2013-syfers is nog nie finaal nie.

